

Teks en tendens

Rialette Wiehahn; P.H. Roodt (reds.) 1988
Hillcrest: Owen Burgess-uitgewers

Die Afrikaanse Letterkundevereniging het in September 1986 sy tweede hoofkongres gehou en verskeie van die referate wat by die geleentheid gelewer is, verskyn in die bundel *Teks en tendens*. Hierdie publikasie volg op *Program en problematiek* (1986), wat na die stigtingskongres in 1984 verskyn het. Die vooruitsig van 'n publikasiereeks van kongresreferate is dus besig om te realiseer.

Afgesien van die literêre patroonmatigheid van die alliterasie in die titels (dit gaan immers om die literatuur en die letterkunde), is beide bundels goed benoem. In die eerste is die verrigtinge van die stigtingskongres van die ALV vervat waar die geleentheid inderdaad gewy is aan 'n moontlike program en die probleme daaraan verbonde. In *Teks en tendens* verskyn daar studies van tekste en studies van tendense en op dié wyse is die bundel 'n aanduiding van sowel dit wat in die geleedere van die vereniging aan die gebeur was in 1986 as van dinge wat op die breë terrein van die Afrikaanse letterkunde belangrik was en steeds bly.

Daar is veertien artikels in die bundel byeengebring. Die voorwoord gee op 'n bondige wyse noodsaaklike inligting oor die aard en die aanbieding van die artikels en verduidelik die omstandighede waaronder die referate aanvanklik gelewer is. Sommige van die artikels behou iets van die styl van mondelinge voordragte terwyl ander bygewerk is. Wat die aanbieding betref, word die indeling in drie afdelings soos volg verantwoord:

"In voëlvlug beskou, bring die eerste groepsbydraes vernuwende tendense op die gebied van die literatuurgeskiedskrywing, literatuurdidaktiek en literatuurteorie ter sprake en lê dringende vrae, voorstelle en ideale in die midde. Die fokus van die tweede groep is op spesifieke eietydse Afrikaanse tekste. Hierdie teksbeskouings tree meermale in gesprek met bestaande lesings, terwyl hulle ook nuwe oorwegings en insigte opper. Ideologie-kritiek vorm die brandpunt van die debat in die derde groep bydraes, waarin argumente pro en contra die rol van ideologie-kritiek en sy implikasies vir die Afrikaanse literêre diskoers te berde gebring word."

Die uiteensetting in die Voorwoord is helder en deeglik (kenmerkend van Rialette Wiehahn), 'n goeie wegspringplek vir so 'n bundel artikels. Die redakteurs, dr. Wiehahn en prof. P.H. Roodt, het alle eer vir die seleksie, redigering en versorging van die publikasie.

Die wye verskeidenheid van onderwerpe en benaderings wat in die bundel gevind word, is op die minste 'n bewys van die lewendige gesprek wat in die Afrikaanse letterkunde en rondom die Afrikaanse literatuur gevoer word. Ons het hier teoriegerigte, teksgerigte en konteksgerigte bydraes en binne elke groep vind ons ook nog verskillende aksente en invalshoeke: daar is werk oor literatuurgeskiedenis, oor literêre teorie, oor onderrigkwesties; daar is teksanalise as sodanig, maar ook teksanalise as illustrasie van 'n benadering of standpunt; kontekstualisering word betrek, nie net deur tekste

in konteks te plaas of te probeer verstaan nie, maar ook deur die implikasies van bepaalde konteksgerigte of ideologies-bepaalde leesstrategieë aan te toon.

Elize Botha se bestekopname van die kontemporêre benaderings tot literatuurgeskiedenis en kroniekskrywing is 'n helder en geordende oorsig. Sulke navorsing deur 'n ervare akademikus wat die brandpunte in 'n terrein aantoon, bronne vir verdere navorsing aandui en probleme en leemtes identifiseer, is van onskatbare waarde vir jonger navorsers en studente.

H.P. van Coller gee 'n uitvoerige uiteensetting van die situasie in die literatuuronderrig in Nederland en België op sekondêre en tersiêre vlak. Die waarde van hierdie inligting sou daarin kon lê dat 'n mens leemtes in ons eie stelsel raaksien en in die Nederlandse en Belgiese werkwyse voorbeelde vind om die tekortkominge aan te vul. 'n Mens sou dus in vooruitsig stel dat 'n toepassing en verwerking van die waardevolle gegewens gedoen sal word en beskikbaar gestel sal word.

Die afdeling oor teorie word afgesluit met Hein Viljoen se artikel oor die dekonstruktiewe siening van die teks as 'n weefsel van menigvuldige – oneindige – intertekstuele spore. Sonder 'n bydrae oor die dekonstruksie sou die bundel inderdaad 'n leemte vertoon het, aangesien die dekonstruksie baie aandag geniet in die onderrig van die literatuur, veral op tersiêre vlak.

Op die oog af lyk dit asof die klem val op die middelste afdeling in die bundel, omdat hierdie afdeling, wat volgens die voorwoord teksstudies bevat, die omvangrykste is. Hieruit kan egter nie afgelei word dat teksgerigte studie (soos ons dit in die intrinsieke benadering geken het) die heersende tendens in die Afrikaanse literatuurstudie is of dat dit is wat die ALV voorstaan nie. 'n Nadere beskouing van die bydraes in hierdie afdeling toon 'n interessante verskeidenheid van benaderings.

D.H. Steenberg se artikel handel oor rewolusie en besinning oor rewolusie as tema in tekste. Dit gaan dus oor die rewolusietema in tekste as objek en nie om 'n ideologies bepaalde leesstrategie soos in die artikels van Liebenberg, Coetzee en De Jong nie. Dit bly nogtans een manier waarop na die literatuur gekyk kan word.

Die deeglike analise van styl as 'n betekenisvolle (ikoniese?) aspek van 'n *Ander land* van Karel Schoeman is 'n voorbeeld van die soort werk waarsonder die literatuurstudie waarskynlik nooit sal kan klaarkom nie. Literatuur en taal kan nooit geskei word nie, en, soos Etienne Britz in hierdie artikel aantoon, is die subtiële wyse waarop die hoofkarakter in Schoeman se roman ook linguisties as vervreemde voor die leser te staan kom, 'n klinkklare bewys van die verbondenheid van taal en literatuur.

Helize van Vuuren en F.R. Gilfillan se artikels laat beide die klem val op intertekstuele verbande terwyl J.P. Smuts en Hein Willemse elk 'n oorsig gee oor kontemporêre ontwikkelinge in die literatuur. Smuts het dit oor die Afrikaanse prosa en Willemse oor die werk van die swart digters in Afrikaans. Hierdie artikels wat elk 'n bydrae maak tot die kontemporêre literatuurgeskiedskrywing, is myns insiens van groot belang, omdat die literatuur van 'n bepaalde tydperk temporeel gesproke "van binne" bekyk word. By terugskouing word historiese gegewens dikwels (meestal) anders gesien en

beoordeel. Die siening van die kontemporêre literator van die literêre verskynsels van sy tyd is daarom nie slegs belangrik vanweë die feite-inhoud van sy werk nie, maar ook omdat sulke stukke tydsdokumente op sigself is. Hierdie artikels is ook waardevol omdat hulle nuwe werk (in Smuts se geval) en minder bekende werk wat wyer bekendstelling behoort te geniet (in Willemse se geval) bekendstel.

Die derde afdeling in die bundel sentreer rondom die ideologie-kritiek en die implikasies van dié benadering vir die Afrikaanse literatuurstudie. Hier word uiteenlopende standpunte gestel – op die een uiterste F.I.J. van Rensburg se noukeurige “tekstuele” lesing van en bydrae tot die polemieë oor Wilma Stockenström se gedig “Die eland”, en op die ander uiterste Marianne de Jong se filosofies-politiese betoog oor die irrelevansie van sommige akademiese gesprekke oor literatuur in Suid-Afrika in 1986.

Van Rensburg wil die leemtes in die sogenaamde Nuwe Paradigma aantoon, maar dit lyk vir my of die Nuwe Paradigma tog reeds in sy denke ingesypel het. Hy vra byvoorbeeld na leë plekke en kodes en “hoop” dan dat hy nie van buitetekstuele kodes of kennis gebruik gemaak het om die gedig te analiseer nie. Tog begin hy sy betoog deur na die leestekenloosheid van die gedig te verwys en te beweer dat die gedig as ’t ware teen ’n “geleestekende” versie daarvan gelees moet word. Hoe weet ’n mens nou hoe ’n geleestekende versie daar moet uitsien as hy nie die (buitetekstuele) kode van leestekengebruik in die gangbare geskrewe Afrikaans ken nie? Dieselfde geld vir sintaksis en poëtiese tegnieke soos herhaling en sintaktiese en semantiese volgorde. Wat uit die gedig en wat uit die omwêreld in ’n interpretasie van ’n gedig meesprek is, veral wat die semantiek betref, baie moeilik onderskeibaar. Al is ’n mens se oogmerk bloot die “lees” van ’n gedig self (soos Van Rensburg inderdaad onder meer doen), toon ’n noukeurige lesing van dié lesing onmiskenbaar aan dat baie leë plekke wel op ’n bepaalde manier deur ’n bepaalde leser gevul is. Die blote feit dat daar soveel lesings van die gedig bestaan en dat elke leser voel dat sy lesing geldigheid besit, bevestig dat gedigte verskillend gelees word. Dat lesings nie altyd wedersyds aanvaar word nie, neem die feit van verskillende lesings tog nie weg nie. So tree Wilhelm Liebenberg in gesprek met T.T. Cloete se lesing van “Die eland” in *Gids by die literatuurstudie* en Ampie Coetzee gee nog ’n ander moontlike lesing.

Waar Van Rensburg se benadering blootgestel staan aan kritiek juis op grond van die ideaal van “suiwer” teksgerigte lees (wat dan nie haalbaar blyk te wees nie), lewer Ampie Coetzee se artikel ook juis vanweë die ideaal (sela) van materialisties lees probleme. As die gedig gelees moet word slegs met die oog op die materialistiese omstandighede van ’n “karakter” in die gedig, is die hele proses van mediasie, wat tog bepalend is vir alle taalhandelinge en artistieke aktiwiteite, ’n onaangeraakte en onopgeloste probleem.

Heinrich Ohlhoff gebruik Roger Fowler se linguistiese benadering om klem te plaas op die literatuur as diskoers waar ’n diskoers beskryf word as “the whole complicated process of linguistic interaction between people uttering and comprehending texts” (133). Is alle taal (literêr of andersins) dan nie ’n verplasing en appropriasie volgens die kommunikatiewe situasie waarin dit gebruik word nie? Hierdie vraag, dink ek, sal ideoloë positief beantwoord.

Trouens, Coetzee sê self ten slotte dat hy die gedig lees as 'n verplasing en verdigting van gegewens binne 'n Westerse bourgeois tradisie. Maar waar hy "materialisties" lees om te illustreer wat hy bedoel, is hy besig met voedselbehoefte en die gewig van vleis terwyl die proses waardeur die gegewens aan die orde kom (via die gedig) van minimale belang is. Om die hele gekompliseerde proses van taalmatige interaksie tussen gedig en leser (waarin miskien selfs 'n digter en 'n poëtiese tradisie meesprek) te reduseer tot 'n beredenering van 'n halwe kilo vleis per persoon per dag, vra vir kritiek. In dié opsig is Ohlhoff se aanduiding van die ideologiese onderbou van karakters en tekste op grond van die taal wat gebruik word, veel duideliker en vrugbaarder. Dat ideologie 'n bepalende faktor in taal en literatuur is, val nie te betwyfel nie, maar as die betekenis van alle literatuur gereduseer word tot wat dit binne 'n enkele ideologie sou kon beteken, word die ganse kategorie van artistieke tekste (in al die verskillende media) ongeldig gemaak (in welke geval sulke mense nie aan die literêre gesprek mag deel hê sonder om hulle gewete teen te gaan nie), of word die literatuur ondersoek deur middel van 'n uiters beperkende en beklemmende tonnelvisie.

Dit is nogal moeilik om oor Marianne de Jong se betoog kommentaar te lewer. 'n Groot hoeveelheid akademiese en filosofiese en teoretiese inligting is in 'n hoogs akademiese en filosofiese en teoretiese betoog saamgevoeg. Dié betoog lê myns insiens op die heel buitenste periferie van die literatuurstudie - dit is eintlik 'n filosofiese beredenering van die politieke-ideologiese implikasies van literatuurstudie en literêre kongresse as diskoerse binne 'n bepaalde bestel, en die relevansie van hierdie soort aktiwiteite word ernstig bevraagteken.

Omdat alle diskoerse deur 'n magstrewe bepaal word (volgens die redenasie in De Jong se artikel), word die betoog wat gevoer word as diskoers verontskuldig deur dit as 'n libidinale diskoers aan te bied. Dit impliseer dat in so 'n diskoers subjektiwiteit (wat die onontkombare eienskap van alle diskoerse is) nie 'n diskursiewe funksie is nie, maar 'n "onreflekerende of libidinale identifikasie". Daar word met 'n bepaalde beginsel geïdentifiseer "as 'n vrye en spontane handeling". Vanuit die identifisering met die situasie in die werklikheid in hierdie land in hierdie stadium van die geskiedenis, is die doel van die betoog om "die diskrepansie tussen die vlot akademiese gesprek en die onhanteerbare, skrikwekkende politieke werklikheid" aan te toon.

Of hierdie ongelooflike vlot akademiese betoog die toehoorders of lesers tot libidinale identifikasie met bepaalde aardse werklikhede ten koste van ander eenvoudiger aardse werklikhede sal kan beweeg, is 'n vraag. Weens die mistifikasie van gekompliseerde sinskonstruksies en opeengestapelde en ineengevegte woorde en begrippe, is dit nie maklik om die uitwerking van dié diskoers op moontlike lesers te bepaal nie. As ons nie so onder die indruk was van die gekompliseerde styl van dekonstruktiewe diskoerse nie (hoewel dit hier om 'n ideologiese diskoers gaan), en as dit nie was dat ons nou al glo dat ons so gekompliseerd moet wêes nie, sou ek graag die absoluut eenvoudige uitspraak van die Amerikaanse teoloog Craig Skinner hier wou aanhaal: "Clarity is style's final necessity."

Samevattend kan gesê word dat hierdie bundel opstelle 'n weerspieëling is

van die lewendige gesprek op die terrein van die Afrikaanse literatuurstudie. Die verskille in benadering werk stimulerend in op die vakgebied en elkeen wat aan die gesprek wil deelneem moet sorg dat hy helder en wakker bly en kennis neem van uiteenlopende en vernuwende sienings. As gespreksforum vervul die Afrikaanse Letterkundevereniging dus gewis 'n noodsaaklike funksie en hierdie bundel is 'n konkrete bewys daarvan.

Heilna du Plooy, Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O.